

**SUID-AFRIKAANSE REGSHERVORMINGSKOMMISSIE: VRAAGSTUKDOKUMENT 35:
PROJEK 144: ONDERSOEK NA 'N ENKELE HUWELIKSTATUUT: VRAE**

A. Vrae oor 'n enkele of omnibushuwelikstatuut of 'n statuut op ongehude intieme verhoudings

1.46 Laat in die 1990's, het die SARHK oorweeg dat 'n kompromie oor die kwessie van vereniging van huwelikswetgewing deur artikels 30 en 31 van die Handves van Regte vereis word. Indien fundamentele regte toe verskillende statusse vereis het, wat dink respondente het in die tussentyd verander?¹

1.47 Moet Suid-Afrika aangaan met verskillende regulatoriese bedelings vir verskillende vorme van huwelike?

1.48 Wat sal die voordele en nadele van 'n enkele of verenigde statuut wees wat 'n verenigde stel vereistes vir alle huwelike uiteensit?

1.49 Wat sal die voordele en nadele wees van 'n omnibusstatuut wat al die verskillende vereistes vir alle huwelike bevat?

1.50 Indien óf 'n verenigde óf 'n omnibusstatuut deurgevoer word, moet die statuut slegs huwelike dek en moet 'n aparte statuut oor ongehude lewensmaats deurgevoer word, of moet die statuut huwelike sowel as ongehude lewensmaats dek? Wat sal die nadele en voordele aan hierdie opsies verbonde wees?

1.51 Indien óf 'n verenigde óf 'n omnibusstatuut deurgevoer word, moet dit slegs die vereistes uiteensit vir geldige huwelike en/of ongehude lewensmaats, of moet dit ook die regsgevolge van sodanige verhoudings vir die duur daarvan en wanneer dit eindig, dek? Wat sal die nadele en voordele aan hierdie opsies verbonde wees?

B. Vrae oor die omskrywing van huwelik

2.3 Hoe moet die voorgestelde wetgewing die huwelik omskryf?

2.4 Die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike laat poligene huwelike toe en die Wetsontwerp op Moslemhuwelike het ook vir poligene huwelike voorsiening gemaak. Moet die beoogde wetgewing vir poligene huwelike voorsiening maak, en indien wel, hoe?

2.5 Wat stel 'n ongehude intieme verhouding daar wat lewensmaats sal kwalifiseer om te deel in regsbeskermings ingevolge die omnibusstatuut?

C. Vrae oor instemming en kapasiteit om te trou

2.17 Is die gemeneregtoets en die statutêre vereiste wat toegepas word om kapasiteit om te trou, vas te stel, wat vereis dat beide partye teenwoordig is wanneer hulle met mekaar in die eg verbind word, voldoende of is daar 'n behoefte aan hervorming in die Suid-Afrikaanse reg?

¹ Die paragraafnummers dui die ooreenstemmende paragraafnummers in "Issue Paper 35" aan.

2.18 Dink respondente 'n gevolmagtigde moet toegelaat word om 'n party tot 'n huwelik te verteenwoordig?

2.19 Is daar ondersteuning vir wetgewende maatreëls wat outonomie en ingeligte instemming om besluite oor die huwelik te neem, voldoende in ag neem?

2.20 Moet die beoogde wetgewing spesifiek vereis dat partye die verstandelike vermoë moet hê om te trou, soos die Australiese huwelikswet in hierdie opsig vereis?

2.21 Moet die instemming van die eerste vrou vereis word indien die man 'n tweede huwelik wil sluit?

D. Vrae oor minimum ouderdom vir huwelik

2.28 Stel belanghebbendes saam dat die teenstrydighede tussen die Huwelikswet, Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike en die "Civil Union Act", oor die minimum ouderdom vir trou, reggestel moet word?

2.29 Stem respondente saam dat Suid-Afrika 'n plig het om aan internasionale en streeksinstrumente te voldoen om 'n eenvormige minimum ouderdom in te stel vir trou op 18, sonder enige uitsonderings vir derdepartytoestemming deur ouers, howe of enige ander amptenaar om te voorkom dat kinders trou of ongehude intieme verhoudings begin?

E. Vrae oor die gee van kennis of huwelikslisensievereistes

2.32 Stem respondente saam met die herbekendstelling van 'n kennisgewing en die uitreiking van huwelikslisensies in Suid-Afrika?

2.33 Dink respondente kennisgewing of die uitreiking van 'n huwelikslisensie sal bydra tot die beskerming van regeringsbelange wanneer huwelike gesluit word?

2.34 Indien die antwoord bevestigend is, watter inligting moet in die kennisgewing verstrekk word?

F. Vrae oor die rol van huweliksbeamptes

2.41 Ons let op dat die Huwelikswet en ander wetgewing verwys na beamptes en funksionaris in verband met die sluit van huwelike. Ondersteun respondente dat huweliksbeamptes en ander funksionaris betrokke is by die voltrekking en registrasie van alle vorme van huwelike? Indien nie, stel respondente enige alternatiewe voor?

2.42 Indien respondente die betrokkenheid van huweliksbeamptes ondersteun, wat moet die vereistes vir hul betrokkenheid wees?

2.43 Indien die huweliksbeamptes steeds betrokke moet wees by die voltrekking van huwelike, wat moet hulle funksie wees: aantekening van die huwelik, bystand met die registrasie van die huwelik of enigiets anders om vir amptelike doeleindes bewys van die huwelik te lewer?

G. Vrae oor registrasie van huwelik?

2.63 Ons het hierbo opgemerk dat die departement van binnelandse sake die registrasie van alle huwelike ondersteun. Ondersteun die respondente registrasie van huwelike?

2.64 Moet nalate om te registreer die geldigheid van 'n huwelik raak?

2.65 Indien 'n huwelik steeds geldig kan wees sonder registrasie, moet daar ander maniere wees om die bestaan van 'n huwelik te bewys? Wat sal daardie alternatiewe wees?

2.66 Moet dit nodig wees vir albei partye in 'n huwelik om 'n huwelik te registreer of moet een party in staat wees om te registreer? Indien een party 'n huwelik kan registreer, watter inligting en prosesse sal nodig wees om te voorkom dat skynhuwelike geregistreer word?

2.67 Moet partye in staat wees om huwelike te eniger tyd na die sluiting daarvan te registreer? Wat sal die voordele en nadele daaraan verbonde wees om registrasie enige tyd voor die einde van die huwelik toe te laat?

2.68 Moet ongehude, intieme verhoudings geregistreer word om die lewensmaats geregtelike regte te gee of moet registrasie bloot dien om die bestaan van sodanige verhoudings te bewys? Of moet registrasie van ongehude intieme verhoudings glad nie vereis word nie?

2.69 Indien ongehude intieme verhoudings geregistreer moet word, watter inligting moet vereis word en wat sal die beste registrasieproses wees?

2.70 Indien registrasie van 'n ongehude intieme verhouding bloot dien as bewys van die verhouding, watter ander maniere moet daar wees om die bestaan van sodanige verhoudings te bewys en watter bewyse moet geag word bewys van sodanige verhoudings te wees?

2.71 Is daar enige ander kwessies rakende registrasie van huwelike wat respondente wil beklemtoon wat verdere oorweging verg?

H. Vrae omtrent huwelikseremonies en 'n voorgeskrewe of goedgekeurde huweliksformulier

2.77 In die departement van binnelandse sake se versoek vir hierdie ondersoek, is gesê dat die staat geen belang moet hê in hoe die godsdienstige of kulturele rituele in 'n huwelikseremonie gedoen word nie. Die Huwelikswet en "Civil Union Act" skryf die formules voor wat tydens sekere huwelikseremonies gebruik moet word. Stem respondente saam en indien nie, hoekom?

2.78 Is respondente van mening dat 'n voorgeskrewe huweliksformulier enigsins bydra tot die verkryging van regsekerheid dat 'n huwelik voltrek is, en indien wel, hoe?

I. Vrae oor gevolge ten opsigte van huweliksgoedere

2.86 Indien daar ondersteuning vir 'n enkele huwelikstatuut of omnibuswetgewing is, waarvoor moet dit voorsiening maak ten opsigte van huweliksgoedere en wat sal die impak daarvan op bestaande wetgewing wees?

2.87 Wat is respondente se menings daarvoor dat gevolge ten opsigte van goedere van

alle huwelike en intieme ongehude verhoudings deur een huwelikstatuut of omnibuswetgewing, gereël word?

2.88 Respondente word versoek om weereens aan te dui waar daar ander aangeleenthede aangaande huweliksgoedere is wat deur die SARHK oorweeg moet word.

J. Vrae oor onderhoud vir gades

2.100 Beroepe is in die verlede gedoen om gadeonderhoud te erken, ook in omstandighede waar daar geen geldige huwelik is nie en geen plig by reg erken wat 'n plig vir die betaling van onderhoud oplê nie. Moet die reg 'n statutêre plig van onderhoud tussen ongehude lewensmaats erken?

2.101 Moet die plig van onderhoud ook uitgebrei wees na omstandighede waar een van die ongehude lewensmaats ook in 'n ongehude verhouding of 'n gade in 'n huwelik is? Die SARHK sal toesien dat kommentaar deur respondente in die tersaaklike ondersoek oorweeg word, hetsy dit die hersiening van onderhoud of die reg oor huweliksgoedere is.

K. Vraag oor huwelikskontrak en diskresie van die hof in die gee van billike bevele

2.107 Moet die enkele huwelikstatuut vir die aangaan, registrasie en afdwinging van huwelikskontrakte voorsiening maak?

L. Vraag oor buite-geregtelike ontbinding van verhoudings en alternatiewe geskilbeslegting in gesinsaangeleenthede

2.114 Aangesien die SARHK gefokusde ondersoeke na geskilbeslegting oor gesinsgeskille doen, is dit duidelik dat die SARHK nie sy pogings moet dupliseer nie, maar eerder sy hulpbronne optimaal moet gebruik. Indien respondente menings het oor hoe alternatiewe geskilbeslegtingsmeganismes toegepas kan word om gesinsreggeskille op te los, word gevra dat hulle hul menings aan die SARHK voorlê sodat dit in ag geneem kan word as deel van die ander ondersoeke wat reeds deur die SARHK gedoen word. Kommentaar sal in daardie ondersoeke in ag geneem word.

M. Vraag oor skynhuwelike of fophuwelike

2.120 Respondente word versoek om voorstelle te maak oor hoe om skynhuwelike te voorkom en hoe hierdie huwelike hanteer moet word ná hulle voltrek is?